## 19 Junie — Matteus 5:13-16

### *Sout en lig*

Sout en lig is twee dinge waarsonder geen mens kan lewe nie. Sout gee smaak, keer bederf en kan selfs as ontsmettingsmiddel gebruik word. Lig verdryf duisternis en maak lewe moontlik. Toe God die aarde geskep het, het Hy op die eerste dag lig gemaak. Daarna volg al die ligdraers soos die son, maan en sterre. Eers toe die lig en ligdraers klaar geskep is, het Hy plante, diere, insekte, voëls en die mens geskep. Daarom kan ons sê dat daar geen lewe op die aarde moontlik sal wees sonder lig nie. Met die sondeval het die duisternis van sonde die ware lewe op aarde onmoontlik gemaak. Mense word slawe van die duisternis. As gevolg daarvan kan ons ook nie sout wees wat bederf keer nie. Maar Jesus het gekom om ons los te koop uit die duisternis van sonde. Hy maak weer van ons ligte en sout. Deur die geloof in Hom is daar nou weer ware lewe vir ons. En deur die werk van die Heilige Gees in ons harte kan ons nou die bederf van sonde in die wêreld keer en weer die smaak van God se genade in die wêreld versprei.

Dit is die verantwoordelikheid wat geloof in Jesus vir ons teweeg bring. Met die manier waarop ons in gehoorsaamheid aan sy Woord lewe, moet ons die bederf van die sonde keer en die lig van sy genade vir ander ellendige sondaars laat skyn. Hoe gaan ons vandag sout en ligte wees?

Sing: Psalm 36:3

Ds. A.P Krüger (Postmasburg)